# KOERSVAS

Jaargang 3 Uitgawe 64 5 Junie 2015




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

**Wettig of regverdig?**

Die volle regbank van drie regters se besluit dat Pretoria se ou straatname terug geplaas moet word, het baie mense verheug gelaat.

Dit sou billik wees om te verwag dat die politici sou oorgaan tot dade en die tydperk gegun om die onregmatige naamsveranderings reg te stel - ten volle te benut. Twsane se Metroraad se besluit om hulle regspan opdrag te geen om die hofbevel te ondersoek, spreek boekdele.

Die plaaslike wetgewer wil nie die regspraak gelate aanvaar nie. Waar laat dit die gewone burger op straat?

Dit lyk al hoe meer asof die ANC/SAKP/ Cosato alliansie wette skryf wat hulle pas. Dit gebeur op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak. Dan word van landsburgers verwag om die wette te gehoorsaam.

Aan die ander kant is dit juis die wetgewers wat keer op keer hof toe gevat moet word omdat hulle nie hulle wetvoorgeskrewe pligte nakom nie. Verloor hulle die hofsaak, laat hulle die saak hersien of tree gewoon nie op volgens die hof se besluit nie. Hulle wil wette toepas, maar wil nie self onder die wet staan nie! Dit terwyl hulle hardhandig met hofbevel in die hand toesak op burgers wat nie hulle wense gehoorsaam nie.

Die RSA se grondwet en grondwetlike hof is 'n belangrike skans in die stryd teen pogings tot totale oorheersing en selfsugtige vergrype wat toenemend in wette verskans word. Die vraag is net of die stortvloed van selfverrykingswette nie die sisteem gaan ooreis nie.

Daar is 'n paar belange-areas wat deur die maghebbers geteiken word. Grond en besit van grond is een so 'n strydpunt. Die regering beweeg al hoe nader daaraan om gewoon 'n wet te skryf wat daarop neerkom dat hulle beslag kan lê op alle grond, sonder vergoeding.

Die emosionele bullebak optrede wat in wetgewing die "regstellende aksie" veldtog rugsteun, val ook op. Ons kan met reg begin vra na die regverdigheid en ja, ook wettigheid van die vloed wette wat op die Afrikaner afgestuur word. Die nuwe rassisme se ware kleure wapper op die vlak van swart ekonomiese bemagtiging. Daar is velletellers wat gou skreeu "*aparthate*" indien weerstand vermoed word.

Die voortslepende e-tol storm wys dat daar 'n versadigingspunt gaan kom. Na daardie punt kan die onredelikheid van owerheidsweë met onredelike verset

beantwoord word. Is dit regverdig? Beslis nie, maar in 'n konteks waarin gewetmaakte vergrype en korrupsie aan die orde van die dag is, is dit waarskynlik verstaanbaar en dalk regverdigbaar.

## KENNISGEWINGS

- **Geloofsbondkwilt vir Teologiese Opleidingsfonds**

Die dames van die GHG wil hulle finansieël ontferm oor die Bond se teologie studente. Vir die doel word die uitloot van 'n hand-gemaakte kwilt beplan. Alle gemeentes moet asseblief seker maak dat hulle die inligting aan hulle Damesaksies sirkuleer het re die saamwerk van elke gemeente aan die geskiedkundige 100-blok kwilt. Maak seker u het die nodige inligting ontvang. Daar is reeds twee e-posse re die kwilt uitgestuur. Indien u nie al die inligting het nie of graag wil deelneem, kontak vir Ina Steenkamp by 082 908 2881.

- **Bondsvergadering**.

Predikante en ampsdraers word daaraan herinner dat alle studiestukke en beskrywingspunte vir die derde Bondsvergadering te Meyerspark, nou reeds moet sirkuleer. Alle kommentaar word verwelkom.
Die volgende inligting word ter herinnering weer vermeld:
DATUM: 6 tot 8 September 2015.
PLEK: Hervormde Kerk Meyerspark
TYD: Registrasie vanaf 16H00.
Opening om 18H00.
KOSTES: R250 per afgevaardigde.
Die volgende moet asseblief as verwysing vermeld word by inbetaling:
"Gemeente Naam" Bondsvergadering Afgevaardigdes.

BESKRYWINGSPUNTE:
Alle beskrywingspunte moet ds Frans Marais (fransnhk@gmail.com) teen 26 Junie 2015 bereik. Die gementes se geloofsbriewe moet teen 26 Junie 2015 aan ds Frans Marais (fransnhk@gmail.com) versend word

- **Bybelvasvra**

Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra 2015.
BESTEK
Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondae 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)
VOORGESTELDE DATUMS
Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband (soos self in streeksverband georganiseer).
Finaal: Sondag 30ste Augustus om 16:00 per faks of E-pos. Niemand hoef eie dorp of distrik te verlaat nie.

**Advertensies**

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Die Vaalwater projek ken u.

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

- Premiermyn hou einde November hulle gevestigde jaarlikse Kersmark. Gehalte uitstallers wat belangstel om deel te word van die mark, kan betyds met Alta skakel by 082 682 1252

- **Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender R8-30 elk

- Verlofregister R24-75 elk
- Kwitansie R16-90 elk
- Offergawe R6-60 elk
- Dames Kwitansie R14-45 elk
- Konsistorie R22-35 elk
- Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

**ella@teamworkprinters.com**

**geloofsbond.co.za**
Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet beskikbaar. http://www.geloofsbond.org.za/

**BANKBESONDERHEDE**:
Naam: **GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)
**ENB** Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika
Rekeningnommer: **6243 092 3088**
Takkode: **250 655**

Vir verpakkingsmateriaal, spysenierings-benodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel
**MW PACKAGING**
**by 018 381 1494.**







